

Aucklandpark Teologiese Seminarium: die hartseer verlede en uitdagings in die nuwe millennium

Andries Putter

Vakgroep: Praktiese Teologie, Noordwes-Universiteit,
Potchefstroomkampus, Potchefstroom, Suid-Afrika

Abstract

This article entails an investigation of the history of Auckland Park Theological Seminary (ATS) and a future plan. ATS history can be divided into four periods: The early Bible School period, (1924-1949); the Bible School period (1950-1969) and the third period was that of the Theological College (1970-1995). From 1996-2008, ATS was part of the broader AFM decision to bring about unity within the respective AFM theological colleges, but to no avail. Questions arising from the article include the following: What were the reasons why the unity within the respective AFM theological colleges was not made possible? Can ATS function more effectively without the AFM influence, and if so, what will the effect be? The purpose of this article is to provide a better understanding for the reader about theological training within the AFM that influenced ATS and guidelines for students, pastors and role players about the future of ATS.

Inleiding

Die geskiedenis van Aucklandpark Teologiese Seminarium (ATS) word onlosmaaklik verbind aan die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (AGS), terwyl die toekomstige roete wat ATS kies, heel waarskynlik anders daar sal uitsien. Uit die bestudering van die agtergrond van ATS sal daar gepoog word om die keuses aangaande die toekomstige pad beter te verstaan. Vir die doel van hierdie artikel gaan die agtergrond van die ander drie Bybelkolleges van die AGS (Central Bible College, Sarepta Bybelkollege en Covenant Bible College), nie hier in detail ondersoek word nie. Daar sal wel na die hulle verwys word wanneer verskille of ooreenkomste uitgelig word. 'n Beknopte historiese oorsig van ATS kan in vier tydperke verdeel word:

- die vroeë Bybelskooltydperk: 1924-1949
- die Bybelskooltydperk: 1950-1969
- die tydperk van die Teologiese Kollege 1970-1995
- en die 1996-2008-tydperk

’n Historiese oorsig van ATS: vier tydperke

Die vroeë Bybelskooltydperk: 1924-1949

Om die AGS te onderskei van die Afrikaanse tradisionele susterskerke se teologiese kolleges is die term Bybelskool gedurende die 1924-1949 tydperk verkies (Erasmus 1996:14). Die eerste Bybelskool in die AGS was die Patmos Bybelskool, wat br. E Letwaba (1870-1959) in 1924 gestig het. Daar is slegs swart werkers vir die bediening toegegerus (NSK 1928:73). Die tweede AGS Bybelskool, wat ook in 1924 ontstaan het en aanvanklik net vir blankes bedoel was, was die begin van die inrigting wat later bekend sou staan as ATS. Tydens die AGS se Blanke-Werkerskonferensieraad (BWKR) in 1927 is besluit dat Bybelskoolbywoning nie in die AGS verpligtend sal wees vir persone om toegelaat te word tot die voltydse bediening nie (NBWR 1927:90)

In 1936 het die AGS se BWKR besluit dat die tyd nie reg was om ’n Bybelskool te begin nie (NBWR 1936:1730). Die argument daarteen was dat die “Heilige Gees die mense van die AGS moet lei en dat dié mense nie gelei moet word deur ’n aangeleerde bediening nie” (NBWR 1935:1726). Die sogenaamde “aangeleerde bediening” het sommige AGS-lede te veel laat dink aan die Afrikaanse tradisionele susterskerke.

By die AGS se BWKR in 1939 is uitgewys dat die nood aan opgeleide werkers in die Sending elke jaar groter word. Die Uitvoerende Raad van die blanke AGS is gevra om die stigting van ’n Bybelopleidingsentrum by Hoofkantoor vir blanke sowel as swart werkers ernstig te oorweeg (NBWR 1939:2104). As gevolg hiervan het die derde Bybelskool van die AGS (die tweede vir blankes) eers in Junie 1940 geopen (NBUR 1940:2163). Hierdie AGS Bybelskool, waarvan past. C Bennett die prinsipaal was gedurende die 1940-1947-tydperk, het nie eens ’n naam gehad nie (NBUR 1940:2166). Die sillabus van hierdie Bybelskool is deur past. C Bennett self opgestel en vir goedkeuring aan die Uitvoerende Raad voorgelê (NBUR 1940:2221). Min is bekend oor die inhoud van die kurrikulum. Dit is slegs bekend dat die teoretiese opleiding een jaar sou duur, gekombineer met twee jaar praktiese opleiding (NBUR 1944:2623). Hierdie Bybelskool is vanweë sy onvermoë om lewensvatbaar te bly aan die einde van 1947 gesluit.

Die Bybelskooltydperk: 1950–1969

Vorbereidings vir 'n nuwe teologiese instelling neem 'n aanvang met die aansluiting van dr. FP Möller by die AGS in 1945. Möller (sr.) en past. GR Wessels begin hul eie korrespondensiekursus, wat hulle in die AGS se amptelike kerkblad, *Die Trooster* (1946:24), adverteer. In 1949 word die samestelling van 'n amptelike korrespondensiekursus deur die AGS se Blanke Uitvoerende Raad (BUR) goedgekeur (NBUR 1949:3283). Bybelskoolopleiding was in dié stadium steeds nie verpligtend vir heeltydse werkers nie. Slegs persone wat die behoefte aan teologiese opleiding ervaar het, het dit bygewoon. Die tydperk 1950-1969 word gekenmerk deur die volgende tendense:

- Die AGS se Blanke Bybelskool kry 'n nuwe naam: Die Apostoliese Bybelkollege

Die AGS Blanke Bybelskool het in 1950 begin met die aanbieding van 'n korrespondensiekursus. 'n Binnemuurse departement word in dieselfde jaar bygevoeg en die naam van die Blanke Bybelskool word na Apostoliese Bybelkollege (ABK) verander. Dr. FP Möller word in 1950 as prinsipaal aangestel (NBUR 1950:3368). Die studentetal het vinnig toegeneem en met die begin van 'n binnemuurse departement in 1956 was daar reeds 325 studente (NBUR 1950:3524). Heel waarskynlik was alle studiemateriaal in Afrikaans, behalwe dié van past. C Bennett, wat in Engels beskikbaar gestel is (Erasmus 1996:31). 'n Eksamenraad is gevorm, bestaande uit die komitee van die Bybelkollege en die vier nasionale ampsdraers van die AGS (NBUR 1950:3368).

- Die standaard van toelating tot die bediening verhoog

Gedurende die tydperk 1950–1969 is daar aanduidings dat die BUR van die AGS hoër kwalifikasies van pastore verwag het (Burger & Nel 2008:391). In Januarie 1954 word daar besluit dat alle kandidate wat van voorneme is om tot die voltydse bediening toe te tree, voortaan aan die Bybelkollege moet studeer, met slegs die Uitvoerende Raad wat uitsonderings mag maak (NBUR 1954:4173). Matriek was nie 'n toelatingsvereiste tot die Apostoliese Bybelkollege nie, maar na die voltooiing van hul Kollege-studies moes kandidate eers matrikuleer voordat hulle georden kon word (NBUR 1958:4995).

- Die beleid en beheer van die Bybelkollege ontwikkel

Die Bybelkollege is beheer deur 'n komitee wat deur die BUR van die AGS aangestel is. Hulle was ook verantwoordelik vir die keuring van aspirantkandidate vir toelating tot die voltydse bediening. Die komitee van die Bybelkollege is mettertyd vervang deur die Geestelike Raad (NBUR 1958:5137). Hierdie raad was hoofsaaklik verantwoordelik om namens die AGS te besluit oor sake rakende leerstelling, etiek, en liturgiek, en die naam van die komitee is inderdaad ook in 1971 aangepas tot die Komitee vir Leerstelling, Etiek en Liturgie. Hierdie komitee het later die Kuratorium van die kollege geword (NBUR 1971:38), in wie se hande ook die beheer en plasing van kandidate in die voltydse bediening geplaas is. Die Bybelkollege het sodoende die instelling geword wat toelating tot die voltydse bediening beheer het. Studente is nie outomaties toegelaat om ná voltooiing van hul studies pastore te word nie, maar is begelei om óf voltydse werkers óf deeltydse werkers te word. Studente moes twee jaar teologiese opleiding aan die Bybelkollege voltooi en daarna een jaar praktiese ondervinding opdoen. Tydens die tydperk van twee jaar teologiese opleiding was studente verplig om onder die toesig van 'n pastoor in 'n plaaslike AGS-gemeente te ressorteer.

- Weerstand teen teologiese opleiding duur voort

Die weerstand onder AGS-leiers teen formele opleiding was die gevolg van 'n reaksie teen die opgeleide predikante van die tradisionele Afrikaanse Susterskerke. Enersyds was daar die gevoel dat die predikante ten spyte van hul geleerdheid nie daarin geslaag het om hul mense tot 'n ontmoeting met God te lei nie. Andersyds het soms krasse en liefdelose veroordeling deur die "geleerde" predikante van AGS-leiers hierdie weerstand laat toeneem (Van der Spuy 1985:106). In teenstelling daarmee was dit dikwels die ongeletterde "lekewerkers" binne die AGS wat die Woord eenvoudig maar kragdadig verkondig het, en is die verkondiging van die Woord met wonders en tekens bevestig. Skrifgedeeltes soos 1 Korintiërs 2:1-6 (dat die apostel nie in die wysheid van die mens nie, maar in die krag van God en die eenvoud van Christus opgetree het) en 2 Korintiërs 3:6 (dat die letter doodmaak en die Gees lewend maak) is dikwels gebruik om die weerstand teen kennis te regverdig. Die gevoel word gelaat – en dit is jammer dat daar dikwels uit die oog verloor word – dat die wonders deur God gedoen is "ongeag van" en nie "vanweë" die ongeleerdheid nie.

Die tydperk van die AGS-Teologiese Kollege (1970–1995)

Histories het die blanke afdeling van die AGS die AGS Teologiese Kollege (AGSTK) te Aucklandpark, Johannesburg ontwikkel, terwyl die swart afdeling die “Central Bible College” te Soshanguve, Pretoria, ontwikkel het. Vir die kleurlinge is Sarepta Bybelkollege in Kuilsrivier naby Kaapstad ontwikkel, en vir die Indiërs het Covenant Bible College in Durban ontstaan. Voordat die ander afdelings van die AGS deels onafhanklik geword het, was die AGS se Sendingdepartement gemoeid met die opleiding van swart, Indiër- en kleurlingpastore.

Die 1979-1995-tydperk was ’n brugtydperk na die teenswoordige era waar opleiding met die oog op ’n graad deel van die AGS se pastore-opleiding geword het. Dié tydperk word gekenmerk deur die volgende tendense:

- **Die AGS se Bybelkollege word die AGSTK**

In 1970 word die naam van die Apostoliese Bybelkollege (ABK), die kollege vir blankes sedert 1950, verander na die AGSTK (NBUR 1969:7618). Nie net die naam van die kollege is verander nie, maar ook die prinsipaal, die hoofvoertaal, die studietydperk, die inhoud en die benadering. Past. FHJ Cronjé met ’n BD-graad neem in 1969 die leisels as prinsipaal by past. C Bennett oor (NBUR 1969:7476). Hierdie verandering was meer as net ’n verandering van leierskap in die kollege; daar is inderdaad ’n *nuwe rigting* in teologiese opleiding in die AGS ingeslaan. Die twee jaar teoretiese en een jaar praktiese opleiding is verander na ’n driejaar- teoretiese opleidingskursus met ’n proefjaar daarna. Studente wat hul drie jaar teoretiese opleiding voltooi het, het diplomas ontvang en is gelegitimeer voordat hulle met hul proefjaar begin het. Die inhoud van die kursus is uitgebrei en ingerig volgens die ses gebruiklike teologiese dissiplines, terwyl Grieks en Hebreeus ook bygevoeg is. Teologiese opleiding in die AGS het met dié verandering beslis ’n meer akademiese inslag gekry.

- **Toelatingsvereistes vir binnemuurse studente word opgegradeer**

In 1973 besluit die AGS se BWKR dat alle voornemende studente aan die AGSTK vanaf 1974 ’n matriekkwalifikasie moet hê. Volgens die Blanke Kuratorium van die AGS kon studente wat 23 jaar en ouer is aansoek doen om voorwaardelike matriekulasievystelling (NBK 1973:1). Alle aansoekers moes deur hul onderskeie gemeenterade en distriksrade aanbeveel word voordat hulle na die Kuratorium verwys kon word vir ’n finale aanbeveling (NBK 1979:4). Studente wat nog besig was met eksamen is tot die kollege toegelaat, maar moes die volgende jaar bewys lewer dat hulle wel matriek geslaag het, anders is hulle gevra om die

Kollege te verlaat (NBK 1979:1). Die sterk klem op matriek toon duidelik dat die AGS wegbeweeg het van 'n situasie waar hoofsaaklik die geestelike aspekte van 'n voornemende student vir toelating tot die Kollege oorweeg is, na 'n situasie waar beide die geestelike en die akademiese aspekte oorweeg is.

- Die verhouding tussen die verskillende AGS-kolleges het bepaalde uitdagings ingehou

Die enigste gemeenskaplike faktor tussen die verskillende AGS-kolleges was 'n agtvakkursus wat deur dr. FP Möller (snr.) saamgestel is. Die toelatingsvereistes van die verskillende kultuurgroepe het verskil. In 1970 is swart studente by hulle Bybelkollege met 'n standaard 6-sertifikaat toegelaat (NSSK 1970:2) en kleurlinge met 'n standaard 8-sertifikaat (NBK 1966:6742). Blanke studente moes 'n matrieksertifikaat hê (NBK 1973:1). Die verskillende toelatingsvereistes by die kolleges het bygedra tot die probleem om een standaard van opleiding te bereik. Die persepsie is geskep dat sommige kolleges 'n eenjaar- (nie-geordende) sertifikaat toegelaat het, terwyl AGSTK (vanaf 1989 ATS) 'n honneursgraad in teologie gevra het (Putter 2006:1).

Die Algemene Sendingraad, wat inspraak of toesig gehad het oor die drie ander kolleges, het probeer om die teologiese opleiding in die AGS op 'n nasionale vlak te standaardiseer deur 'n komitee aan te stel (NASR 1983:4). Die doelwitte van die komitee was onder andere om alle kursusse te verenig; addisionele kursusse en oriënteringsmateriaal vir bestaande en toekomstige sendelinge aan te bied; opleidingsmateriaal van alle instansies, Bybelkolleges en verskillende afdelings van die AGS te evalueer; die standaard en kwalifikasies van die dosente vas te stel; en simposiums vir dosente en sendelinge te organiseer (NASR 1983:2). Ten spyte van sulke goeie voornemens is hierdie doelwitte nie bereik nie en teologiese opleiding in die AGS het steeds verdeeld gebly (Putter 2006:183).

- **Akkreditasie by universiteite en die ontwikkeling van 'n graadkursus**

Die Uitvoerende Raad van die blanke afdeling van die AGS het reeds in 1964 besluit om met 'n universiteit te onderhandel om opleiding vir graaddoeleindes by die AGSTK aan te bied. Pastore JT du Plessis, PF Fourie en GR Wessels sou met die Universiteit van Suid-Afrika onderhandel oor die moontlike vestiging van 'n teologiese fakulteit by die kollege (NBUR 1964:6479). Die kollege het meer soos 'n tersiêre instituut geword. Matriek was nou verpligtend. Die driejaar- teologiese diploma is ook opgegradeer om gelykstaande aan 'n BA-graad te wees. Die teologiese kollege begin in 1970 met eie onderhandelings om akkreditasie vir die teologiese diploma van die kollege te verkry (NBK 1970:3).

Onderhandelings is aangeknoop met verskeie universiteite, onder andere Potchefstroom, die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), die universiteite van Zululand, die Witwatersrand en Londen, asook Unisa om akkreditasie te bekom (NTKAGS 1972:1; 1979:2; Cronjé 1985:73; Hattingh 1993:1). Vanaf 1973 word, op grond van 'n beginselbesluit van die Kuratorium, 'n binnemuurse BA-graad (Teologie) van die Universiteit van Suid-Afrika by die kollege aangebied (NBK 1972:1; Cronjé 1974:82). Die Kuratorium het 'n jaar later die kursus gestaak omdat daar nie konsensus bereik kon word oor die sillabus nie (NBK 1973:1; Cronjé 1974:82). In 1975 word daar besluit om met die destydse RAU (vanaf 2005 die Universiteit van Johannesburg) te onderhandel om dieselfde redes. Die kollege sou die vakke van die AGS aanbied en studente sou nog steeds 'n diploma van die kollege ontvang, maar sou hulle hoofvakke (Bybelkunde en Sistematiese Teologie) by RAU loop (NBK 1975:1). Die onderhandelings was egter nie suksesvol nie. Die doel om 'n graadkursus aan die AGSTK aan te bied word in 1993 bereik met die sluit van 'n ooreenkoms met RAU. Die driejaarkursus word tot vier jaar verleng. Twee grade, naamlik BA (Teologie) en BA Hons. (Teologie), kon in die studietydperk behaal word (Hattingh 1993:1). Die AGSTK kon in dié stadium teologiese opleiding op sertifikaat-, diploma- en graadvlak aanbied.

- Spanning tussen geestelike ervaring en akademiese opleiding in die AGS bly voortduur

Spanning tussen geestelike ervaring en akademiese opleiding het in hierdie tydperk voortgeduur (Burger & Nel 2008:401). Die prinsipaal van die blanke kollege, past. FHJ Cronjé (1979:46) het aangevoer dat die akademiese standaard van die AGSTK gedurende 1970 tot 1995 goed met dié van BD-studente aan 'n universiteit vergelyk het. Hy beklemtoon egter die *salwing van die Heilige Gees*, wat beteken dat geestelikheid vir die kollege bo die wetenskaplike kennis verhewe is. Hy meen dat die BD-kursus net by ekse-gese meer werk vereis, waarin die Pinksterman nie so baie oefening nodig het nie. Hy skryf: “Die Heilige Gees is tog die grootste openbaarder van waarheid, waarvan die toepassing van wetenskaplike kennis in dié verband maar slegs inleidend van aard is” (Cronjé 1979:46). Dit is duidelik dat Cronjé nog geworstel het met 'n digotomiese denke wat 'n voortsetting van die ou spanning tussen die werking van die Heilige Gees en wetenskaplike akademiese opleiding was. Hierdie ingesteldheid van Cronjé het heel waarskynlik daartoe gelei dat Bybeltaalkennis en eksegetiese studie van die Bybel as inleidend en van minder belang beskou is. Erasmus (1996:112) is van mening dat die idee geskep is dat openbaringskennis via die Heilige Gees sonder wetenskaplike Bybelse ekse-gese bekom kon word. Die geloof in die ondervinding van die

inwonende Heilige Gees het die persepsie laat ontstaan dat oorspronklike verklaring van die Skrif moontlik is sonder die wetenskaplike studie van die Bybel. Die gevolg was dat die studie van Grieks, Hebreeus, hermeneutiek, inleidende teologie en eksegeese van die Ou en Nuwe Testament as minder belangrik gesien is. Aan die ander kant sou Dogmatiek en Praktiese Teologie beklemtoon word, omdat dit gesien is as die verklaring van die openbaringskennis en die toepassing daarvan (Erasmus 1996:112).

- WJ Hattingh se onderhandelings met universiteite is 'n deurbraak vir teologiese opleiding

Prof. WJ Hattingh word in 1989 die rektor van ATS (destydse AGSTK). In 1993 beding hy 'n ooreenkoms met RAU, wat onder andere behels het dat die grade BA (Teologie), BA Honneurs (Teologie), MA (Teologie) en D Litt et Phil Teologie gesamentlik aangebied word. Hierdie deurbraak het ATS op 'n koers van verdere akademiese ontwikkeling en navorsing geplaas. Vele pastore wat reeds nagraadse kwalifikasies behaal het, getuig van die erkenning wat ATS onder universiteite wêreldwyd ontvang. ATS, wat getrou wou bly aan sy Pinksterteologiese agtergrond en aksente sowel as sy hermeneutiese uitgangspunte ten opsigte van die Bybel, het nietemin die nuwe vereistes wat met betrekking tot akademiese standaarde gestel is, waardeur en graag toegepas. Hulle het so goed daarin geslaag dat dr. I vd M Burger (President van die Saamgestelde AGS) die volgende geskryf het: "Die Teologiese Seminarium te Auckland Park moet nou ongetwyfeld onder die beste van die Pinksterkerke se opleidingsentrums ter wêreld gereken word. Ons AGS het rede om nederig trots te wees" (*Pinksterboodskapper*, Desember 2002).

Onderhandelinge tussen ATS en die Noordwes-Universiteit het in 2008 begin en die samewerkingsooreenkoms tussen dié twee instansies sal eersdaags gefinaliseer wees. Die tydperk vanaf 1996 tot op hede word as 'n waterskeidingstydperk vir ATS gesien, en hierdie siening word nou hieronder gemotiveer.

Die tydperk van eenheidsgesprekke: 1996-2008

- Eenheidsgesprekke voor die 2000-konstitusie

Die drie afdelings van die AGS naas die blanke afdeling, te wete die swart-, kleurling- en Indiërafdelings, het in 1993 saamgesmelt om die saamgestelde afdeling van die AGS te vorm. In 1995 het die drie kolleges, naamlik Soshanguve (swart), Sarepta (kleurlinge) en Covenant (Indiër), wat hoofsaaklik verantwoordelik was om voornemende pastore vir die drie onderskeie afdelings op te lei, een geword onder die naam Apostolic Faith Mission

South African Theological Institute (AFMSATI) met 'n kampus te Soshanguve. Die ander twee kolleges (Sarepta en Covenant) het geweier om te sluit en daar is ooreengekom dat hulle as selfonderhoudende inrigtings mag voortbestaan (NKAGS 1996:4).

Toe die blanke AGS in die volgende jaar met die saamgestelde afdeling een word en die gesprek begin het om ook die opleidingsplekke een te maak, was die situasie soos volg: Daar was twee amptelike kolleges om die tafel, naamlik AGSTK en AFMSATI, maar ook twee nie-amptelike kolleges. Toe die eerste subsidieverdeling van die nuwe een AGS tussen die kolleges gedoen is, is dit tussen al vier kolleges verdeel. Dit lyk inderdaad of die saamgestelde afdeling nooit regtig sy probleem met die eenwording van sy eie kolleges opgelos het toe dit met die blanke afdeling een geword het nie. Trouens, die drie kolleges het nog altyd apart bestaan totdat Covenant in 1996 'n versoek gerig het om deel van ATS te word. Dié versoek is toegestaan (Clark 1999:5).

Die eenwording van die kolleges was 'n moeilike proses met vele uitdagings. Daar is op 11 November 1996 tussen die twee kuratoriums 'n ooreenkoms vir eenwording bereik (NKAGS 1996:2). Die ooreenkoms is op versoek van Soshanguve op 1 September 1997 gekanselleer om van nuuts af 'n eenheidsproses te begin (NKAGS 1997:4).

Gesprekke is begin om opnuut eenwording te bewerkstellig. In 1999 het die AGS se gesamentlike kuratorium op aanbeveling van die twee fasiliteerders, dr. I vd M Burger en F Chikane, voorgestel dat daar bes gegee word met die eenheidsproses en dat die nuwe AGS-konstitusie wat in wording was, vir die meerderheid van die opleidingsinstellings voorsiening moes maak. Enersyds is daar genoem dat elke kollege vir 'n bepaalde nismark voorsiening moet maak. Andersyds was daar druk dat die saak ten opsigte van die kolleges opgelos moes word omdat die nuwe konstitusie van die AGS gefinaliseer moes word. Die nuwe konstitusie wat in 2000 goedgekeur is, het 'n amptelike besluit van die AGS beteken wat vir 'n meervoud van kolleges voorsiening gemaak het. Alle gesprekke oor konsensus ten opsigte van eenheid tussen die kolleges is in 2000 gestaak.

Onmiddellik na die aanvaarding van die 2000-konstitusie is daar op inisiatief van ATS pogings aangewend om met die Sarepta- en Soshanguve-kolleges 'n ooreenkoms van samewerking aan te gaan, maar beide kolleges het dit afgewys.

- Eenheids gesprekke sedert die besluit van die AGS se Algemene Besigheidsvergadering (ABV) in 2005

Die nuwe konstitusie vir die AGS wat in 2000 aanvaar is, het die moontlikheid van 'n veelheid van opleidingsplekke binne die AGS gevestig. Met die aanvaarding van die konstitusie is die AGS se ABV-besluit van 1996 en alle

besluite wat daarop gevolg het, wat aandrang op die eenwording van die kolleges, gekanselleer. Die konstitusie het vereis dat elke kollege statute en regulasies aan die Nasionale Leierskapsforum (NLF) moes voorlê vir goedkeuring. ATS het in 2003 sy statute en regulasies aan die NLF voorgelê en dit is goedgekeur. ATS was die enigste kollege wat statute en regulasies aan die NLF voorgelê het.

In dieselfde jaar het ATS 'n Artikel 21-maatskappy geregistreer om te voldoen aan die Departement van Onderwys se vereistes om as 'n private hoër-onderwysinstelling te registreer. ATS was die enigste van die AGS se kolleges wat daarin geslaag het om by die Departement van Onderwys as private hoër-onderwysinstelling te registreer.

In 2005 het die AGS se ABV weereens besluit dat die kolleges een moes word en die NLF het opdrag gekry om die besluit uit te voer. 'n Komitee is in 2006 vir dié doel aangestel.

ATS se Bestuursraad het op 22 Februarie 2006 en 4 November 2006 volkome samewerking beloof vir die uitvoering van die ABV se 2006 besluit oor die eenwording van die kolleges. Die volgende voorwaardes is gestel:

- dat die drie kolleges as gelyke vennote sal deelneem met volledige openbaarmaking van al drie kolleges se bates, laste ensovoorts
- dat die AGS se ampsdraers 'n ervare onafhanklike fasiliteerder aanstel wat vir alle partye aanvaarbaar is
- dat ATS die Wysigingswet op Hoër Onderwys (23 van 2001) aanvaar as die wettige raamwerk en meganisme om die eenheidsproses te fasiliteer
- dat ATS se Bestuursraad hulle bereid verklaar om ATS se regs persoonlikheid prys te gee indien 'n nuwe regs persoon vir die nuwe eengeworde kollege geskep word (Hattingh 2006:1-3).

Die AGS is by verskeie geleenthede oor bogenoemde voorneme en besluite van ATS ingelig. Dit het gou duidelik geword dat ATS en die komitee wat die eenwording moes fasiliteer, verskil het wat betref hul interpretasie van die ABV (2005) se opdrag. ATS het dit verstaan as 'n eenwording van die drie kolleges, terwyl die komitee dit gesien het as die skepping van 'n nuwe kollege. ATS se voorstelle ten opsigte van die proses is as *male fide* gesien: dis geïnterpreteer as 'n rassistiese poging van die sterker party om die proses te verhinder.

Die AGS-president, dr. I vd M Burger, het gemaak dat ATS homself nie in 'n loopgraaf moet ingrawe vanweë die meningsverskil nie, en teen hierdie agtergrond het ATS met samesprekings begin (gespreknotas Hattingh 31 Julie 2009).

Na herhaalde versoeke van ATS, beide mondeling en skriftelik, dat 'n Institution Operational Plan (IOP) soos versoek deur die Wysigingswet op Hoër Onderwys (23 van 2003) vir eenwording van instellings opgestel moet word, en dat die eenwording van die kolleges en die terminering van ATS nie daarsonder kan plaasvind nie, het dit duidelik geword dat dit nie gedoen gaan word nie. Die komitee het op 23 April 2008 vir ATS finaal verwittig dat hulle nie bereid is om 'n IOP met ATS te bespreek nie. 'n IOP maak onder andere voorsiening vir beplanning ten opsigte van finansiële scenario's, menslike-hulpbronbeplanning, dienste, infrastrukture, beheer en wetlike verpligtinge.

ATS se Bestuursraad het die AGS herhaaldelik gewaarsku dat sy belange en verantwoordelikhede in gevaar gestel word en ook dat ATS vrees vir regsaksies teen hom indien die proses nie wettig en oordeelkundig bestuur word nie. Die AGS het nie op ATS se versoek gereageer nie. Op 19 Mei 2008 het ATS se Bestuursraad hulle van die proses onttrek en bevestig dat hulle steeds bereid is tot eenwording volgens die ABV-besluit van 2005 en dat hulle bereid is om deel te neem aan 'n arbitrasieproses (NATS 2008:3-5).

Die AGS het egter in antwoord op ATS se onttrekking 'n hofsaak in die Kerklike Hof teen ATS gemaak, wat hulle verloor het. ATS het deur sy prokureur by Cipro ontdek dat die AGS die direkteure van ATS se Artikel 21-maatskappy sonder hulle medewete, sonder dat hulle bedank het of sonder dat die maatskappy daartoe opdrag gegee het, verander het. Nadat ATS die AGS versoek het om die verandering van direkteure reg te stel en hulle geweier het, is 'n interdik in dier voege teen die AGS bekom. ATS het 'n versoek gerig vir gesprekvoering oor die geskil, maar dit is op 26 November 2008 finaal deur die AGS afgewys (Meintjes & Petzer 2008:1).

In gesprek met die AGS se Uitvoerende Ampsdraers op 16-17 Julie 2009 het ATS aangedring dat die direkteure in hul amp herstel moet word voordat hulle die hofsaak sou terugtrek. Op versoek van die AGS se Uitvoerende Ampsdraers het ATS ingestem om die hofdatum van 27 Julie 2009 uit te stel vir verdere gesprekvoering. In die gesprek het ATS dit duidelik gestel dat hy in die lig van die Departement van Onderwys se voorvereistes ten opsigte van die outonomie van 'n geregistreerde instituut sowel as sy eie drome vir die toekoms, nie deel van 'n departement van die AGS sou wees nie.

Op die ABV van 22 Mei 2008 is besluit om Artikel 9 van die AGS se konstitusie te verander om net voorsiening te maak vir 'n nuwe kollege wat gestig moes word. ATS het in die vergadering beswaar gemaak, maar desnieteenstaande is die konstitusionele wysiging deurgevoer, waardeur ATS se geakkreditasie as kollege van die AGS beëindig is.

Dit was vir ATS, wie se wortels vir 50 jaar diep in die AGS geleë was, 'n teleurstelling. Op 'n bosberaad gehou op 18 en 19 Januarie 2009 het ATS besef dat hy die werklikheid van die ABV se besluit van Mei 2008 moes aanvaar en moes beplan vir 'n nuwe toekoms.

Toekoms van die ATS

Vir Hattingh (gespreknotas 31 Julie 2009) is dit 'n uitgemaakte saak dat ATS in die toekoms as 'n *onafhanklike* teologiese instelling buite die AGS gaan funksioneer, waar persone van verskillende denominasies wêreldwyd by ATS betrokke kan raak. Hattingh se motivering is gegrond op die inligting wat hy en sy spanlede tydens 'n bosberaad in Februarie 2009 naby Muldersdrif ingewin het (Hattingh & Hattingh-Rust 2009:1-4). ATS se aksieplan vir die toekoms word soos volg uiteengesit:

- Inleiding tot *ATS se Bosberaad in 2009*
- ATS-oogmerke
- Aanpassing van 'n leerplan en program
- Interkerklike Pinkster-opleidingsinstelling
- Gevolgtrekking

Inleiding

Hattingh vertrou dat ATS die voorkeur teologiese seminarium in die wêreld kan word, wat vanuit 'n Christus-gesentreerde teologiese model werk en die volgende doelwitte sal bereik:

- om geestelike leiers in Afrika op te lei en in te lyf ten einde suksesvol te kan voorsien in die holistiese behoeftes van hulle gemeenskappe;
- om studente en huidige leiers aktief te lei om geestelike, morele en etiese volwassenheid te bereik;
- om sosiale intrepreneurs op te lei en te koester;
- om leiers toe te rus om ekonomies selfstandig en verantwoordelik te leef.

Volgens Hattingh moet daar 'n puik teologiese instelling wees wat oplossings kan bied vir die nood in Afrika, aangesien Afrika veral probleme ondervind met korrupsie, die afwesigheid van 'n Bybelse etiek en armoede. Afrika het dus opleiers nodig wat 'n nuwe geslag mans en vroue na geestelike en etiese volwassenheid kan begelei en van hulle leiers met geestelike kapasiteit en Bybelse sedes kan maak.

Hattingh en Hattingh-Rust (2009:2) is van mening dat Suider-Afrika en Afrika enorme uitdagings met betrekking tot leierskapsontwikkeling ondervind. Hulle glo dat ATS tans in die unieke posisie is om hierdie uitdagings suksesvol die hoof te bied aangesien

- ATS oor baie jare se ondervinding in die opleiding van geestelike leiers beskik; leiers wat reeds met groot sukses God se Koninkryk op grondvlak kon uitbrei. Daarbenewens het ATS in die afgelope jare 'n doelbewuste poging aangewend om sy kapasiteit in nagraadse navorsing te ontwikkel;
- ATS geskoolde en goed opgeleide akademiese lektore het wat deur 'n effektiewe administratiewe stelsel ondersteun word;
- ATS sy volhoubaarheid vir meer as 50 jaar al gedemonstreer het;
- ATS bereid is en die uitdaging aanvaar om die vele Godgegewe geleenthede wat op hul pad kom, met kreatiwiteit aan te gryp.

ATS-oogmerke

ATS het die volgende oogmerke geïdentifiseer om die bogenoemde vier resultate te bereik. Hierdie aksieplan van ATS is

- om ATS se kapasiteit te vergroot ten einde elke jaar meer studente suksesvol te akkommodeer;
- om deurentyd ATS se leerplan en program aan te pas ten einde leerders toe te rus met die vaardighede om in die holistiese behoeftes van hul gemeenskappe te voorsien;
- om 'n interkerklike Pinkster-opleidingsinstituut te word wat die wyer Pinkster- en Charismatiese gemeenskappe dien.

Die vyfjaar-oogmerke van ATS is om onder andere hulle kapasiteit soos volg te vergroot:

Personeel

In die volgende vyf jaar wil ATS sy aantal geregistreerde studente van 400 tot 2 500 per jaar verhoog en die verlangde akademiese en administratiewe personeel tegelykertyd laat aanstel. Hattings wil graag sien dat die bestaande bestuursraad uitgebrei word met bekwame individue wat die doeltreffendheid en rassevertegenwoordiging van die raad kan verhoog.

Plekke van Teenwoordigheid (PVT)

ATS het plekke van teenwoordigheid in Suid-Afrika geïdentifiseer waar bestaande kampusse en bestaande opleidingsentrums uitgebrei en opgegradeer kan word om ATS te versterk as 'n nasionale opleidingsverskaffer in Suid-Afrika. Verder kon hulle vier lande binne Suider-Afrika identifiseer waar

ATS deur samesmelting en samesprekings PVT in Afrika kan bekom. Die lande is: Zimbabwe, Kenia, die Demokratiese Republiek van die Kongo en Zambië.

Dienste

Ten einde die toenemende aantal studente te kan akkommodeer en hulle in die lewering van doeltreffende afstandopleiding te ondersteun, gaan ATS 'n Inligting- en Kommunikasietegnologieplatform (IKT) ontwikkel. Die IKT-platform is 'n geïntegreerde stelsel wat 'n telematiese e-studieplatform, 'n administrasiebestuurstelsel en 'n massakommunikasieselsel insluit (bv. Nuusbrief, videokonferensies, regstreekse gesels, satelliet televisie, ensovoorts).

- ATS wil werkwinkels oor die hele Afrika reël ten einde die akademiese ontwikkeling van die leerders wat een of ander vorm van studie onderneem het en wat tans in gemeenskappe werk, te bevorder.
- Die eggenote van leiers moet ook toegerus word volgens die model wat ATS die afgelope 10 jaar suksesvol in Zambië geïmplementeer het.
- 'n Program vir die stimulering en ontwikkeling van jong kinders moet ingestel en gedurende weksdagoggende by die verskillende kampusse gefasiliteer word. Die kerk van Christus moet aktief betrokke wees in die grootmaak van 'n nuwe geslag in Afrika. Vele ouers in Afrika het nie die kultuur en vermoë om hul kinders vanaf 'n vroeë ouderdom te stimuleer nie, wat veroorsaak dat kinders tekortsiet in hul ontwikkeling wanneer hulle die formele skoolstelsel betree.

Om ATS se gemeenskapsbetrokkenheid uit te brei verlang Hattingh dat die volgende bestaande en nuwe programme onderneem word:

- MIV-berading;
- Finansiële/sakebeplanning ten einde armoede te bekamp.
- Hattingh en Hattingh-Rust (2009:3) wys ook daarop dat vele studente wat na ATS kom en goeie presteerders is, studente is wat onder die "broodlyn" leef. ATS behoort 'n beursfonds te stig om studente wat akademies goed presteer te borg.
- Verder sal ATS 'n goed bestuurde oudstudentevereniging moet hê waar oudstudente kameraadskap sal geniet en wat hulle geestelik bedien en hulle op datum hou van nuwe navorsing en ontwikkeling.
- Hattingh en Hattingh-Rust (2009:3) verwys ook na die SALT-verenigings (South African Leadership Training Trust) wat in Maart 2009 in Johannesburg van stapel gestuur is. Dit sal 'n nasionale inisiatief word wat Christen-sake- en sportmanne koördineer en hulle 'n

geleentheid bied om deel te wees van die sosiale en geestelike transformasie in Afrika.

Boufasiliteite

ATS se biblioteekfasiliteite gaan drasties uitgebrei word ten einde akademiese navorsingsbronne te voorsien aan Pinkster- en Charismatiese gemeenskappe in Afrika. 'n Nuwe biblioteek sal op die perseel langsaa ATS-kampus gebou word. Digitale navorsingsbronne gaan ook beskikbaar gestel word. Tans huisves en bestuur ATS die nasionale argief van die AGS van Suid-Afrika. Hierdie argief moet egter die geskiedenis van die hele Pinkster- en Charismatiese beweging in Afrika huisves.

Navorsing

ATS is in die proses om wetenskaplike navorsing en publikasies ten opsigte van geestelike leierskap en ontwikkeling van leiers binne die Pinkster- en Charismatiese en Afrika-verband sterk te bevorder.

Aanpassing van leerplan en program

ATS se huidige leerplan en programme sal deurlopend geëvalueer en aangepas word ten einde leerders van die basiese tot die hoogste akademiese vlakke effektief te ondersteun. Die eerste leerplan-aanpassings sal fokus op:

- MIV-berading
- basiese finansiële/sakebeplanning
- sosiale entrepreneurs
- demokratiese burgerskap

Die volledige leerplan van ATS moet omskep word tot digitale formaat vir gebruik in die telematiese e-studieplatform.

Interkerklike Pinkster-opleidingsinstelling

ATS wil poog om 'n netwerk vir die Pinkster- en Charismatiese opleidingsinstansies in Afrika te skep om geestelike, akademiese, strategiese en finansiële ondersteuning te bied ten einde te kan gedy. Hierdie opleiding in Afrika moet gekoördineer en ondersteun word ten einde die doeltreffendheid daarvan te vergroot. 'n Voltydse bemarkingspersoon moet aangestel word om die bemarking en netwerkdoelwitte van ATS te kan hanteer.

Gevolgtrekking

Hattingh glo dat Suid-Afrika tans unieke uitdagings ondervind, nie net as gevolg van eie binnelandse aangeleenthede nie, maar ook as gevolg van vinnige verandering wêreldwyd. In vele opsigte staan Suid Afrika by 'n kruispad. Ons voortbestaan kan bedreig word soos in Somalië, of ons kan nog sterker terugkom en ons in 'n baie beter posisie bevind om 'n impak op die wêreld ekonomie en Christenskap te maak. Ekonomie en gebeurlikheidsbeplanners is dit eens dat Suid-Afrika en Afrika mense nodig het wat vindingryk, vernuwend, kreatief, ondernemend, ywerig en produktief is. Die teenoorgestelde van hierdie kwaliteite is middelmatigheid, niekritiese denke, korrupsie, misdaad, slagofferdenke en eie-voordeelsoekende mense. Hattingh en Hattingh-Rust (2009:4) toon aan dat hierdie uitdagings nie net in die hande van die regering gelaat kan word nie, maar dat passievolle en goed toegeruste mense die verandering op grondvlak moet aandryf. ATS het 'n aggressiewe "kop-omhoog-benadering" nodig wat Suid-Afrika en Afrika se mense sal toerus om geleenthede aan te gryp en verantwoordelikheid te aanvaar. Dit is om hierdie redes dat ATS sy aandag op die opleiding en ontwikkeling van leiers fokus; leiers met geestelike vermoë en Bybelse standaarde om vry-demokratiese denkers te wees wat nie gemanipuleer kan word nie – mense met administratiewe vaardighede en sosiale en ekonomiese ondernemingskapasiteit om Afrika te help om die geleentheid aan te gryp en 'n einde te bring aan die slagofferkultuur.

Slot

Te midde van lang en ingewikkelde gesprekke wat oor jare gevoer is, het rolspelers in ATS en die AGS mekaar nie gevind nie. Die rede hiervoor is heel waarskynlik die immer teenwoordige dualisme tussen die geestelike terrein en die akademie. Die nuwe kollege van die AGS het hom in sy beplanningstadium gemotiveer as 'n inrigting wat weg van die akademie op die werking van die Heilige Gees sou konsentreer. Die ou digotomiese standpunte is gebruik. Daar bestaan 'n gevoel onder sekere AGS-leierskappe dat studente in die toekoms met 'n sterker Pinksteringesteldheid opgelei moet word. ATS, daarenteen, wou nog nooit die Pinksteragtergrond enigsins verwaarloos nie. Die verbetering van ATS se akademiese standaard en die ontwikkeling van navorsingsvaardighede het juis ten doel om ATS se teologiese uitgangspunte in 'n groter wêreld te bevorder en te bevestig. ATS se standpunt is om beide met die gees en die verstand te sing en te bid en albei steeds beter te dien. Persone wat ATS se belange op die hart dra, ervaar al hoe meer dat daar nie meer 'n toekoms pad met die AGS moontlik is nie. Vooroordeel by AGS-lede rakende ATS se toekomstige betrokkenheid by teologiese opleiding in die AGS kan afgebreek word indien die AGS-leierskap hul lede bewus maak van 'n nuwe roete wat ATS wil stap wat

verder strek as dié van die AGS-groepe; 'n roete waar nuwe uitdagings en eise op hulle wag.

Bronne geraadpleeg

- Burger, I vd M & Nel, M 2008. *The fire falls in Africa*. Vereeniging: Christian Publishing Company (CUM).
- Clark, MS 1999. Die AGS Teologiese Kollege. Verslag voorgelê aan die Bestuursraad van AGSTK op 28 Oktober.
- Cronjé, FHJ 1974. Die ATS Teologiese Kollege. AGS Werkersraad verslag-bundel. Johannesburg.
- Cronjé, FHJ 1979. Die ATS Teologiese Kollege. AGS Werkersraad verslag-bundel. Johannesburg.
- Cronjé, FHJ 1985. Die ATS Teologiese Kollege. AGS Werkersraad verslag-bundel. Johannesburg.
- Die Trooster*, 1946. April. Amptelike maandblad van die AGS, Johannesburg.
- Erasmus, LJ 1996. *AFM unity in theological education? A historical perspective*. Midrand: International Theological Institute.
- Hattingh, WJ 1993. AGS Teologiese Kollege Jaarverslag. AGS Blanke Uitvoerende Raad verslag. Johannesburg.
- Hattingh, WJ 2006. Prinsipale skrywe van Hattingh aan Atterbury. 28 September.
- Hattingh, WJ 2009. Gespreknotas met prinsipaal van die Aucklandpark Teologiese Seminarium. 31 Julie, Johannesburg.
- Hattingh, WJ & Hattingh-Rust, R 2009. Bosberaadnotas van prinsipaal van die Aucklandpark Teologiese Seminarium. 12 Mei, Johannesburg.
- Konstitusie van die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika, 2000. Pretoria: AGS Hoofkantoor.
- Meintjes, SJ & Petzer, JH 2008. Prokureurskrywe aan WP Steyn. Prokureurs. 26 November. Johannesburg
- NABV, 1996. Notules. Algemene Besigheidsvergadering van die AGS. Johannesburg.
- NASR, 1983. Notules: Algemene Sendingraad in AGS-argief, Johannesburg.
- NATS, 2008. Notules: Aucklandpark Teologiese Seminarium. Johannesburg
- NBK, 1966. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBK, 1970. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBK, 1972. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBK, 1973. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBK, 1975. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBK, 1979. Notules: Blanke Kuratorium. In AGS-argief, Johannesburg.

- NBUR, 1940. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1944. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1949. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1950. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1954. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1958. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1964. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1969. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBUR, 1971. Notules: Blanke Uitvoerende Raad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBWR, 1927. Notules: Blanke-Werkerskonferensieraad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBWR, 1935. Notules: Blanke-Werkerskonferensieraad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBWR, 1936. Notules: Blanke-Werkerskonferensieraad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NBWR, 1939. Notules: Blanke-Werkerskonferensieraad. In AGS-argief, Johannesburg.
- NKAGS, 1996. Notules: Kuratorium. AGS Hoofkantoor, Lyndhurst.
- NKAGS, 1997. Notules: Kuratorium. AGS Hoofkantoor, Lyndhurst.
- NSK, 1928. Notules: Sendingkomitee. In AGS-argief, Johannesburg.
- NSSK, 1970. Notules: Sentrale Sendingkomitee. In AGS-argief, Johannesburg.
- NTKAGS, 1972. Notules Teologiese Kollegekomitee, Johannesburg.
- Pinksterboodskapper*, 2002 Desember. Amptelike maandblad van die AGS, Johannesburg.
- Putter, APJ 2006. Die voortgesette akademiese ontwikkeling van die AGS-pastoor. DLitt et Phil-Proefskrif. Universiteit van Johannesburg, Johannesburg.
- Van der Spuy, MA 1985. Die spanning tussen vryheid en formalisering ten opsigte van die liturgiese verskuiwings binne die Apostoliese Geloof-sending van Suid-Afrika. MTh-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

